# PATROONTJIES KLEUTERSKOOL

**Die direksie bestaan uit verskillende mense wat die skool bystaan en bedryf om sodoende die beste moontlike opvoeding aan ons kinders te bied, die direksie is:**

**Ds. Ryno Hurn**
**Daleen Badenhorst**
**Johan du Toit**
**Eljoh Koortzen**
**Michelle Swanepoel**

Patroontjies Kleuterskool is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy wat finansieel onafhanklik van Harmonie-gemeente bedryf word. Die direksie word deur die kerkraad aangewys en die direksie doen verslag aan die kerkraad.

Dit is vir ons gemeente belangrik om reeds van ‘n jong ouderdom af met ouers hande te vat en hulle te help om hul kinders meer van God te leer. Patroontjies streef daarna om gesinne te help om gesonde verhoudings binne die gesinstruktuur te vestig en om onderrig, gebasseer op Chritelike waardes en beginsels, aan die kleuters te verskaf.

Die program wat gebruik word, is die Amazing Brainz-program wat baie omvattend is. Die program is uitgewerk om op die 8 slimareas van die brein te werk. Dit is opgestel deur die Neuroloog, Dr Etienne van der Walt, saam met arbeidsterapeute, opvoedkundiges, musikante en spraakterapeute.

Die 8 slim-areas is: 1. Liggaam-slim; 2. Woord-slim; 3. Nommer-slim; 4. Musiek-slim; 5. Prent-slim; 6. Myself/ek-slim; 7. Ander-slim; 8. Waardes-slim. Laasgenoemde 3 slimareas word in bykans elkeen van die ander 5 slimareas deurgetrek.

Elke aktiwiteit is saamgestel om die kind individueel te stimuleer om bruggies tussen die neurone in die brein te bou, sodat die mylpale wat vasgestel is vir ‘n sekere ontwikkelingsarea, behaal kan word of aan gewerk kan word. Elke bruggie bou op mekaar sodat die regte boodskap in die brein rondgestuur word vir die ontwikkeling wat moet plaasvind.

Die program behels baie speel en self-ontdek en om al die nodige vaardighede aan te leer. Daar word bv nie aan die kleuter geleer hoe om te skryf as die fyn spiertjies in die handjies nie deur spel eers goed ontwikkel is nie.

‘n Inligtingsdokument kan aangevra word by Michelle Swanepoel (patroontjies@ngkharmonie.co.za) of skakel haar by 073 734 6383 vir meer inligting.